



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 3 Desember 2020

Gedagte van die week:

Ons kan God nie vasvang in 'n denkraamwerk nie. Ons probeer natuurlik, maar dit wat ons dan in ons dinkboksies het, is nie God nie (John Stott).

Vertrekpunt:

Josua 24

Meditasie uit die teks:

Toe ek 'n kind was, was Josua 24:15,16 mooi versies. Ek het dit dikwels in geborduurde prentjies teen mure bokant die "sideboard" in die eetkamer gesien. Dominees het graag daarvoor gepreek. Met die tyd en deur baie ervarings heen het ek baie anders begin dink oor hierdie teks wat getuig van belofte en "commitment". Nou dink ek dat 'n mens nie namens ander mense besluite kan neem en ondernemings kan maak nie. 'n Pa kan nie namens sy kinders besluit nie, 'n man kan nie namens sy vrou besluit nie. Ek dink nou dat 'n mens maar net in stille en vaste geloof kan voorloop, kan wys, kan demonstreer, kan modelleer, kan bid en dan ... en dan lewenslank hoop. (Hierdie oortuiging is nie gebore uit 'n intellektuele oefening nie, hoegenaamd nie ...). Ek het 'n tweede pyn met die teks en dit is dat ek nie heeltemal seker is dat ek en Josua vir God eenders verstaan nie. Josua se God is 'n God wat opdragte gee wat vreesaanjaend is ... selfs onskuldige diere bly in die slag. Lees maar die hele Josua boek deur ... dit is ontstellende leeswerk. Dit bots so met Sagaria 4:6 wat die volk waarsku dat oorwinning deur mag en geweld nie iets is waarin God hom verheug nie. En hoe ouer ek word hoe versigtiger wil ek wees om sommer maar net mense se praat oor God te koop. En hoe ouer ek word hoe versigtiger wil ek wees om self sommer net onnadenkend oor God te praat. Ek begin al meer dink dat die grootste sonde is om vinnig, selfversekerd en sonder huiwering oor God te praat.

Youtubeskakel:

Ons gaan voorlopig voort met ons Youtube-uitsendings. Jy sal een of ander tyd op Sondag, na afloop van ons reisgesprek by die kerkgebou, via whatsapp 'n Youtube-skakel ontvang.

Oor Sondag:

Asseblief dra 'n masker, asseblief hou sosiale afstand, asseblief as jy enigsins twyfel oor jou gesondheid moenie bywoon nie. Ons wil nie aandadig wees aan 'n tweede vlag virusverspreiding nie. Wees verantwoordelik. Wees bedagsaam. ASSEMBLIEF! En ons gaan nie polisieëer nie, dit is nie ons styl nie. So kom ons vertrou mekaar om te doen wat reg is, soos altyd.

Meditasie uit die lewe:

Ek trou vir Rico en Jenique by Beloftebos. Voor die troue gesels ek met 'n vrou en haar dogter. Die vrou het lang grys hare wat nie "gedoen" is nie. Sy is nie "opgedress" vir die okkasie nie. Sy is net. Haar oë is sag en haar gesig is uitnodigend. Later kom haar man nader, want hy het eers 'n bietjie "geskinder" saam met ou vriende. Die man het 'n grys baard en het 'n mosterd/swart/oranje "candy-stripes" hemp aan met 'n geel das en bruin baadjie daarby. Hy staan agter sy vrou oor wie se kaal skouers die koue seewind deur Beloftebos se bome waai. Hy het 'n kombersie wat hy saggies en met presiese omgee oor haar skouers gooi. Skielik is dit net die mooiste prentjie vir my. Ek sê dit vir die vreemde man en sy vrou. Die vrou sê vir my: "Meneer, dit is veertig jaar se liefde. Elke oggend wanneer ek wakker word, is my eerste woorde, 'Dankie Vader dat ek langs hierdie man mag wakker word'". Die ware liefde wat die toets van die tyd deurstaan het maak enige prentjie mooi! En toe begin die troue en ek kan maar net hoop dat Rico oor 40 jaar ook nog daaraan sal dink om 'n kombersie oor Jenique se skouers te gooi wanneer die lewe se koue winde oor hulle waai. Ek dink nou al 'n week lank hieroor ... ek kry dit nie uit my kop nie. Ek wil nie.

Nuwe eposadres

My persoonlike eposadres het verander na nortierjohannes6@gmail.com Ek sal dit waardeer as jy dit op jou databasis sal verander as dit vir jou belangrik genoeg is.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com